

## DIE NEO-MARXISTIESE HISTORIOGRAFIE OOR SUID-AFRIKA

Grietjie Verhoef  
*Randse Afrikaanse Universiteit*

Ekonomiese faktore ter verklarings van 'n verskeidenheid samelewingsselemente, het veral in die negentiende eeu deur die werksaamhede van ekonomiese historici na vore begin tree. In die twintigste eeu het die ontwaking van sosiale wetenskappe plaasgevind en is ekonomiese verklarings vir sosiale verskynsels aangebied, dikwels ook binne die histories-materialistiese verklaringsraamwerk. Na die Tweede Wêreldoorlog is toenemend begin soek na die "onsigbare" strukture of prosesse onderliggend aan die optrede van groepe in plaas van individue. Dit was veral die Franse Annaleskool wat bg. soeke na onderliggende strukture of onsigbare prosesse in die historiese wetenskap ingedra het. Die Annaleskool se benadering was nie noodwendig Marxisties nie, maar afgestem op die ontdekking van sosiale "strukture" in die verlede. Daarenteen het die Franse Marxistiese antropoloë en strukturaliste teen die sestigerjare prominent in Frankryk begin word. Beide groepe het 'n relatief vaste strukturalistiese benadering tot sosiale studies en historiese navorsing. Hierdie invloed vanuit Frankryk het in Brittanje aangesluit by die opkoms van sosialistiese sosiale geskiedskrywing, waarin E P Thompson 'n groot rol gespeel het.

Sekere akademici wat gekant was teen die sosio-politieke orde in Suid-Afrika, het gedurende die sestigerjare veral na Brittanje uitgewyk en aan o.a. die Universiteit van Londen in aanraking gekom met bg. sosialistiese studies. Ietwat later het die *History Workshops* by Ruskin College, Universiteit van Oxford, groter momentum aan die beweging verleen. Etlike akademici wat tans betrokke is by die neo-marxistiese geskiedskrywing oor Suid-Afrika, was ook by die werkswinkels by Ruskin College betrokke. Die vernaamste voedingsbron vir die neo-marxistiese historiografie oor Suid-Afrika was die seminaarreëks o.l.v. Shula Marks oor gemeenskappe in Suidelike Afrika in die negentiende en twintigste eeu, soos aangebied sedert die vroeë sewentigerjare aan die Univesiteit van Londen, by die *Institute of Commonwealth Studies*.

Die neo-marxistiese historiografie oor Suid-Afrika het aangesluit by die breë wêreldbeweging om die algemene interpretasie van die geskiedenis van Derde Wêreldgebiede en -gemeenskappe te herskryf volgens nuwe metodes en ontledingsraamwerke, in hierdie geval die marxistiese. Daar moes 'n nuwe interpretasie kom van die impak van kolonialisme en kapitalisme op die Derde Wêreld. Studies oor voormalige koloniale gebiede in Afrika het weldra verskyn, met die deurbraak vir die neo-marxistiese herinterpretasie van die impak van bg. faktore op Sentraal- en Suidelike Afrika in die publikasie van Neil Parsons en Robin Palmer: *The Roots of Rural Poverty in Central and Southern Africa* (Heinemann, 1977). Dit is beskou as 'n weerlegging van die "... old colonial and neo-colonial illusions".<sup>1)</sup> Die wegbereider vir die herinterpretasie van Suid-Afrika se geskiedenis was Martin Legassick se seminaar "*The Frontier Tradition in South African Historiography*".<sup>2)</sup> Nadat Legassick 'n doktorsale

T Ranger, *Growing from the Roots: Reflections on Peasant Research in Central and Southern Africa* (*Journal of Southern African Studies (JSAS)*, Vol. 5, Nr 1, Oktober 1978), p. 9.

2. Institute of Commonwealth Studies (ICS) seminare, soos gepubliseer in *Collected Seminar Papers (CSP)*, Vol. 2, Nr. 12, Oktober 1970 — Junie 1971, ook in S Marks en A Atmore (reds.), *Economy and Society in Pre-Industrial South Africa*, Longmans, Londen, 1980.

studie voltooi het oor die Griekwas, Sotho-Tswanas en Sendelinge op die noordgrens tussen 1780 en 1840, met beklemtoning van die spesifieke verhoudinge wat voortspruit uit daardie gemeenskappe se grenssituasie, het hy die implikasies daarvan vir die herinterpretasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis uiteengesit in bg. seminaar. Daarin verklaar hy dat sosiale, politieke en ekonomiese gebeure nie i.t.v. konsepte soos ras of rassisme verklaar kan word nie. Sosiale veranderings word volgens hom juis noukeurig gedefinieer deur veranderinge in *klasseverhoudings*. Die analitiese kategorie vir die bestudering van sosiale verhoudings, moet dus *klasse* en *klasseverhoudings* wees. Rasseverhoudings is fundamenteel *klasseverhoudings* waarin rasse-oorwegings 'n besondere rol speel, sonder om die essensie van daardie verhoudings as *klasseverhoudings* te verander.<sup>3)</sup>

Enkele akademici het reeds artikels, seminare of boeke vanuit die neo-marxistiese perspektief gepubliseer. Die leidende figure tans is Shula Marks, Stanley Trapido, Martin Legassick, Harold Wolpe, Frederick Johnstone, Donald Denoon en Anthony Atmore. 'n Jonger geslag (dikwels studente van bg.) is Colin Bundy, Phillip Bonner, Charles van Onselen, William Beinart, Belinda Bozzoli, Martin Bienefeld, Peter Delius, Jeff Peires, Duncan Innes, David Kaplan, Michael Morris, Richard Rathbone, Peter Richardson, Paul Rich, Dan O'Meara, Henry Slater, Jean-Jaques van Helten, Tim Keegan, Eddie Webster, Luli Callinicos, Peter Warwick en Peter Kallaway. Hierdie bg. benoeming is nie 'n poging om gemeldes te etiketteer of om 'n waarde-oordeel oor hul werk uit te spreek nie, maar is slegs die resultaat van 'n ondersoek wat aangetoon het dat talle van hul publikasies sterk neo-marxisties gefundeer is. Daar bestaan geen enkele neo-marxistiese verklaringsmodel wat slaafs deur al bg. persone nagevolg word nie, maar die gemeenskaplike tendens of benadering in hul werk is onmiskenbaar neo-marxisties. Ook die neo-marxisme is geen monolitiese ideologie nie en daar moet dus ruimte gelaat word vir verskille tussen bg. persone.<sup>4)</sup>

Die vernaamste gebeurtenis wat aan die neo-marxistiese historiografie momentum verleen het, was die verskyning van *The Oxford History of South Africa*, Vol. 2 (1971). Die neo-marxistiese historici het felle kritiek uitgespreek teen die OHSA. Die kritiek was dat die OHSA véer agter die geskiedskrywing van ander Afrikastate en nywerheidslande was, d.w.s. dat die sosialistiese/neo-marxistiese tendense wat in Europa en Brittanje in die geskiedskrywing reeds vaardig was, nie in die OHSA geopenbaar is nie; dat die navorsing konseptuele gebreke het en 'n onvermoë toon om by "ideologie" verby te kom; dat dit steeds "wit" geskiedenis is waartoe Swartes geen bydrae gemaak het nie en ook nie die sosiale strukture waarin Swartes in stede en op die platteland vasgevang is en wat in die Swart protes geopenbaar word, weerspieël nie; en dat die sentrale tema van die Suid-Afrikaanse geskiedenis steeds foutiewelik geag word interaksie en konflik tussen die verskillende bevolkingsgroepe te wees, terwyl die neo-marxistiese benadering juis van die standpunt uitgaan dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis wentel om die indringing van kapitalisme en die omvorming van die outonome inboorlingsamelewings ten einde dit diensbaar te maak aan kapita-

3 M Legassick. *The Frontier Tradition in South African Historiography*, (Marks en Atmore: *Economy and Society*), pp. 44–47, 51.

4 Lees ter verduideliking van die uiteenlopende aard van neo-Marxistiese teorieë, E van Niekerk en S van Eeden, *Towards a Typology of Twentieth Century Marxism*, (P. du Toit (red.): *Reflections on Marxism*, J L van Schaik, Pretoria, 1982), pp. 1–23.

lisme.<sup>5)</sup> Radikale historici beskuldig die sg. Suid-Afrikaanse skoolstelsel daarvan dat die geskiedenis wat daar onderrig word 'n versteurde en eensydige interpretasie van die verlede is, soos wat dit deur Christelik-nasionale Onderwys afgewring word. Lg. sou 'n teleologiese opvatting oor die ontplooiing van die "volk" hê, Swartes objektifiseer en eksplisiet en implisiet rassisme verkondig. Die liberale historiografie het, volgens Bozzoli, steeds nie aan die "heersers/regerende klas" perspektief ontkom nie.<sup>6)</sup>

Die neo-marxistiese historiografie het dus enersyds die liberale historiografie gekritiseer en andersyds begin met "... an attempt to get beyond the liberal problematic ..." deur 'n nuwe marxistiese klasse-analise-verklaringsmodel met nuwe konsepte en temas vir navorsing te skep. Kallaway som dié benadering só op: "The standpoint of this new generation of scholars has been to re-evaluate the structural characteristics of the Southern African political economy and to ask whether the dynamics of modernization will in fact tend to dissolve the racial oligarchy ... They have also asked whether it is not more fruitful to see South African history in terms of class conflict than in terms of the traditional racial dichotomy ... Underlying all these arguments is the assumption that all of Southern Africa is involved in *one* economy ... Such questions have led historians not only to a re-examination of contemporary history, but also to a re-examination of the dynamics of contact and conflict between pre-colonial modes of production in the "tribal" economics and the growth of capitalism."<sup>8)</sup>

Bg. is 'n breë omlyning van die neo-Marxistiese werk. Hierdie "historici" vorm nie 'n hegte skool in die sin dat hulle almal 'n enkele neergelegde riglyn navolg nie. Hulle is nie almal historici nie, trouens die meeste is sosioloë, antropoloë, juriste of werksaam by institute vir interdisiplinêre studies (Afrika-, sosiale of arbeidstudies). Almal is ook nie navolgers van dieselfde neo-Marxistiese skool nie — daar is Althusser-, Poulantzas-, Gramsci-, Carchedi-aanhangers of navolgers van die Franse Marxistiese antropoloë (Godelier, Terray, Meillassou). Heel resente publikasies toon selfs navolging van die "Britse marxisme" o.l.v. E P Thompson.

### Die beginsels of uitgangspunte van die neo-Marxistiese historiografie

Die sentrale beginsel in die neo-Marxistiese historiografie is dat materiële oorwegings samelewings struktureer. Die histories-materialistiese verledebeeld vorm derhalwe die omvattende struktuur waarbinne gebeure geïnterpreteer word. Die uiteindelijke oogmerk is om 'n alternatiewe verklaring te bied vir en die wortels te vind van die "bestaande stelsel van uitbuiting en onderdrukking" in Suid-Afrika. Die terminologie waarin geskryf word tipeer die Swartes as die onderdrukte arbeidersklas.

Die kernvraag wat beantwoord moet word, is hoe 'n minderheid Blankes daarin geslaag het om 'n meerderheid Swartes te onderwerp en in onderhorigheid te hou.<sup>9)</sup>

5 A Atmore en N Westlake. A Liberal Dilemma: A Critique of the OHSA (*Race*, Vol. 14, Nr. 2, 1972); M Legassick. The Dynamics of Modernization in S.A. (*Journal of African History (JAH)*, Vol. 13, Nr. 1. 1972); S Marks: Liberalism, Social Realities and South African History (*Journal of Commonwealth Political Studies*, Vol. 10. Nov. 1972); S Trapido: South Africa and the Historians (*African Affairs (AA)*, Vol. 71, Nr. 285, Oktober 1971).

6 B Bozzoli (red.), *Town and Countryside in the Transvaal*, pp. 1–2.

7 S Marks en A Atmore, *Economy and Society*, p. 1.

8 P Kallaway, What happened to South African History? (*Concept*, Junie 1975).

9 S Marks en A Atmore, *Economy and Society*, p. 2.

Die antwoord soek die neo-marxistiese historici binne die raamwerk van die volgende beginsels:

Eerstens word die marxistiese historiese materialisme aanvaar ingevolge waarvan verklaar word dat materiële middele (ekonomiese faktore/die produksiewyse) die basis van samelewings vorm en derhalwe die verloop van die geskiedenis daarvan bepaal. Marks en Atmore wys juis daarop dat al die bydraers tot "Economy and Society in Pre-industrial South Africa" hul bemoei met die materiële basis van die samelewing.<sup>10)</sup> Bozzoli verklaar ook dat daar nog nie genoeg aandag gegee is aan die wyse waarop "... cultures are embedded in material reality ..."<sup>11)</sup> nie. In 'n poging om vas te stel hoe die mynmagnate daarin geslaag het om hul ekonomiese belange te realiseer ten spyte van die sosiale implikasies daarvan, beklemtoon sy dat dit noodsaaklik is om 'n historiese en materialistiese metodologiese benadering te aanvaar, aangesien sodanige benadering dit moontlik maak om die essensie van gebeure te ontdek deur waarneming van die historiese en strukturele wortels daarvan.<sup>12)</sup> Ook F A Johnstone verklaar in sy ondersoek na 'n verklaring van die stelsel van "rasse-oorheersing" in Suid-Afrika, dat die filosofiese en teoretiese spesifiekheid van die marxistiese wetenskap geleë is in sy dialektiese en historiese materialisme. Dit bied volgens Johnstone, 'n algemene teorie en verklaring van die aard en sosiale betekenis van die produksiesisteen in enige samelewing, maar dit bied ook 'n spesifieke materialistiese analise van spesifieke historiese sisteme en ontwikkelings. Vir Johnstone is die bruikbaarheid van die beginsels van die dialektiese en historiese materialisme juis daarin geleë dat dit relevansie behou selfs wanneer dit nie meer alleen met kapitalisme en klasse te doen het nie. Dit is vir hom van toepassing op produksiewyses in voor-kapitalistiese, kapitalistiese en na-kapitalistiese stelsels en bring mens d.m.v. die Marxistiese wetenskap uiteindelik uit by kapitalisme en klasse — dit begin, volgens hom, nie daar nie. Hierdie aard van die dialektiese en historiese materialisme maak die Marxistiese wetenskap vir Johnstone meer aanvaarbaar as "empirisme en idealisme".<sup>13)</sup>

Die volgende beginsel van die neo-Marxistiese historiografie is die aanvaarding dat die konkrete geskiedenis slegs in terme van 'n klassestryd verklaar kan word, aangesien klasse die motor van geskiedenis is.<sup>14)</sup> Hierdie historici verwerp die bruikbaarheid van ras, etnisiteit, godsdiens en nasionalisme as konsepte waarmee die ware dinamiek van die Suid-Afrikaanse samelewing en geskiedenis verklaar kan word, aangesien rasse-, etniese, godsdienstige of nasionale belange slegs as aspekte van kapitalistiese klassebelange beskou word. Klasse is ekonomies gerigte belangegroepes wat net van ander oorwegings gebruik maak om spesifieke materiële klassevoordeel te bewerkstellig. Die klassestryd is die onvermydelike gevolg van die ekonomiese oorheersing en onderdrukking deur die kapitalistiese klas van die besitlose arbeidersklas, of die klassestryd is die onvermydelike gevolg van kapitalisme. Die indringing van kapitalisme in Afrika, beteken volgens Wallerstein, dat klasse teenwoordig is en derhalwe moet die geskiedenis van die kontinent aan die hand van 'n klasse-analise bestudeer word.<sup>15)</sup>

10. *Ibid.*, p. 3; Alhoewel Marks en Atmore verklaar dat die bydraers nie almal noodwendig 'n materialistiese of Marxistiese benadering onderskryf nie, bly enige benadering wat aanvaar dat die basis van 'n samelewing materieel of ekonomies is, prinsipiële Marxisties.
11. B Bozzoli, *Town and Countryside*, p. 35.
12. B Bozzoli, *The Political Nature of a Ruling Class*, pp. 9 en 21.
13. F A Johnstone, *Class, Race and Gold*, pp. 9—11, 216—218.
14. R Davies, D Kaplan, M Morris en D O'Meara, *Class Struggle and the Periodisation of the SA State (Review of African Political Economy, Nr. 7, Sept./Des. 1976)*, p. 4.
15. I Wallerstein: *Class and Class-conflict in Contemporary Africa (Canadian Journal of African Studies, Vol. 7, Nr. 3, 1973)* pp. 375—377.

Martin Legassick het die grondslag vir die klassé-analise in die Suid-Afrikaanse historiografie gelê in sy herwaarderung van grensomstandighede waar hy in navolging van E Genovèse verklaar dat die grenssituasie nie in terme van rasseverhoudinge nie, maar in terme van klasseverhoudinge bestudeer moet word.<sup>16)</sup> In die woorde van F A Johnstone probeer die neo-Marxistiese historiografie "... to completely reconceptualise, re-theorise and re-analyse South African society and history in terms of class, capitalism and exploitation; to develop a class-analysis of South Africa, which brings to light the class nature and class dynamics of much of South African history and society, and especially of the racial system."<sup>17)</sup> Meeste neo-Marxistiese historici het aanvaar dat die vertrekpunt vir die herinterpretasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis die klasse-analise moet wees,<sup>18)</sup> maar daar bestaan verskillende konseptualiserings van die begrip klas.

Daar kan tans vier konseptualiserings onderskei word. Eerstens definieer Legassick en Trapido 'n klas as 'n sosiale groep waarvan die lede soortgelyke ekonomiese belange in die internasionale produksiesistiem het. Wanneer hulle dan na die Blanke werkersklas of die Swart werkersklas verwys, word daarmee bedoel dat daardie groepe andersoortige verhoudings tot die histories-ontwikkelde internasionale produksiesistiem het.<sup>19)</sup> Johnstone sluit hierby aan en verklaar dat die klasse-analise in die Marxistiese verklaring 'n "systematic elucidation of the differential relationships of individuals and social groups to means of production in historically and structurally specific systems of production and social formations" is.<sup>20)</sup> Tweedens is daar die navolgers van Nicos Poulantzas wat 'n klas definieer as 'n ekonomiese, politieke en ideologiese entiteit. Ekonomiese determinante is dus nie die enigste onderskeidingsfaktor nie, maar wel in die laaste geval die bepalende faktor by klassedifferensiasie. Die politieke en ideologiese verhouding van groepe in die sosio-politieke struktuur geniet dus relatiewe outonomie by die identifisering van klasse ooreenkomstig die Althusseriaanse onderskeid tussen sosiale strukture, met die finale absolute outonomie van die ekonomiese struktuur.<sup>21)</sup> Die verhouding van groepe tot kapitaal, veral op die vlak van produksieverhoudinge en produksiemiddele, speel dus 'n kardinale rol in die identifikasie van klasse. Daardie verhoudings word egter verder gekwalifiseer deur die plek van daardie groep in die "social division of labour as a whole, which includes in addition political and ideological relations."<sup>22)</sup> Die gevolg van bg. is dus dat klasse nie meer ho-

16 M Legassick, *The Frontier Tradition ... (ICS, CSP, Vol. 2, Nr. 12)*, p. 5.

17 F A Johnstone, *Most Painful to our Hearts. South African History through the eyes of the Marxist School*, (Hersiene teks van referaat gelewer te Yale Universiteit op 18 April 1979 by konferensie oor Rassekonflik in Suidelike Afrika), pp. 9–10.

Vgl. bv. H Wolpe, *Class, Race and the Occupational Structure (ICS, CSP, Vol. 2, Nr. 12, Okt. 1970 – Junie 1972)*, p. 102; H Wolpe, *A Comment on "The Poverty of Neo-Marxism" (JSAS, Vol. 4, Nr. 2, April 1978)*, pp. 254–255; M Legassick, *Records of Protest and Challenge (JAH, Vol. 20, Nr. 3, 1979)* pp. 454–455; F A Johnstone, *Most Painful to our Hearts*, pp. 8,9–10; F A Johnstone, *Class Conflict and Colour Bars in SA Gold Mining Industry 1910–1926 (ICS, CSP, Vol. 1, Nr. 10, Okt. 1969–April 1970)*, pp. 113–114, 118, 123.

19 M Legassick en S Trapido, *Class Formation and Class Suppression (Notes on Political Economy of "Racial Discrimination", 14/7/72)*, p. ii.

20 F A Johnstone, *Class, Race and Gold*, p. 9.

21 Ter verduideliking van hierdie Althusseriaanse opvatting, lees M Glucksmann, *Structuralist Analysis*, pp. 100–101, 106–107, 128–130; L Althusser, *For Marx*, pp. 111–112; N Geras Althusser's 'Marxism'. An Account and an Assessment (*New Left Review*, Nr. 71, Jan./Feb. 1972), p. 71; D Seddon (red.), *Relations of Production*, p. 37.

22 Davies, Kaplan, Morris en O'Meara, *Class Struggle and the Periodisation of the SA State*, pp. 4–5; R Davies, *Capital, State and White Labour in South Africa, 1900–1960*, pp. 8–14.

mogeen is nie, aangesien verskillende politieke en ideologiese belange 'n relatiewe skeiding tussen die "fraksies" van 'n klas bewerkstellig.<sup>33)</sup>

Derdens stel Wolpe 'n verdere alternatief deur die verklaring vir die bestaan van fraksies van kapitaal te soek in die kapitalistiese produksiewyse self en in besonder in die veranderinge wat in die arbeidsproses teweeggebring word deur die veranderinge in die produksieverhouding. Die bestaan van verskillende klasse kan verklaar word in terme van die produksieverhouding tussen die produseerders van waarde (arbeidersklas) en die onttrekkers van daardie waarde (kapitalistiese klas).<sup>24)</sup> Die veranderinge in die arbeidsproses en in die klassestruktuur kan, volgens Wolpe, voldoende aan die hand van produksieverhoudinge, d.w.s. op die materiële vlak, verklaar en omskryf word. Stryd tussen fraksies van dieselfde klas is fundamenteel ekonomies en neem slegs politieke en/of ideologiese vorme aan. Die oplossing van hierdie konflik is afhanklik van die verandering van die produksieverhouding en nie van enige politieke optrede nie. Politieke verhoudings het geen absolute greep op klasseverhoudings nie, want die posisie en vorming van klasse word deur veranderinge in die produksieproses bepaal.<sup>25)</sup>

Die vierde klassekonseptualisering is die mees resente en verteenwoordig 'n poging van jonger radikale historici om te ontkom aan die rigiede struktuur van klasse en klasseverhoudings waarin die strukturalisme in die Neo-Marxistiese historiografie beweeg. Die onhoudbaarheid van bg. drie konseptualiserings t.o.v. die bestaan van veel meer sosiale belangegroepes in Suid-Afrika as slegs dié ooreenkomstig die rigiede Marxistiese verklaring geïdentifiseer, of die "manipulative tendencies in certain versions of 'historical materialism'", het 'n pleidooi laat ontstaan vir 'n minder "ekonomiese" definiering van klasse. Die "ekonomiese Marxisme" kan volgens hierdie historici nie die prosesse van klasvorming verklaar nie, aangesien daardie benadering nie 'n sintese van materialistiese, kulturele en regionale benaderings kan bewerkstellig, soos wat nodig is vir begrip van die proses van klasvorming en -optrede nie.<sup>26)</sup> Hierdie groep bepleit groter inagneming van bewussyn (consciousness — "... the way in which ... experiences are handled in cultural terms: embodied in traditions, value systems, ideas and institutional forms") en kultuur<sup>27)</sup> in die identifisering van klasse en die verklaring van klasoptredes. Die belangrikste aangeleentheid om hier op te merk is die feit dat die benadering slegs beskou word as 'n beter werkswyse met die oog op die verklaring van die geskiedenis van Suid-Afrika, en nie as 'n verwerping van die Marxistiese beginsel dat klasse wesenlik ekonomies gerigte belangegroepes is nie. Daar word steeds aanvaar dat 'n persoon se klasseposisie deur niks anders as die posisie van daardie persoon in die netwerk van besittersverhoudings (ownership relations) bepaal word nie en dat die vaststelling van die klasposisie in strukturele terme, slegs die eerste stap is in die volledige identifisering van 'n persoon se posisie in besittersverhoudings.<sup>28)</sup> Bozzoli verklaar juis

- 
23. S Clarke, *Marxism, Sociology and Poulantzas' Theory of the State (Capital and Class*, Nr. 2, Somer, 1971), pp. 1–3; S Clarke, *Capital, Fractions of Capital and the State: "Neo-marxist" Analysis of the South African State (Capital and Class*, Nr. 5, Somer, 1978), pp. 32–77.
24. H Wolpe, *The "White Working Class" in SA (Economy and Society*, Vol. 5, Nr. 2, Mei 1976), pp. 213–216.
25. *Ibid.*, pp. 230–237.
26. S Marks en R Rathbone (reds.), *Industrialisation and Social Change in South Africa*, p. 8; B Bozzoli, *Town and Countryside*, pp. 10, 18, 42.
27. Marks en Rathbone, *Industrialisation and Social Change*, p. 8 — "Kultuur" word hier gebruik, nie in die sin van die geestesgoedere van bepaalde etnies onderskeibare volke nie, maar meer in die sin van individue se totale daaglikse ervaringswêreld.
28. *Ibid.*

dat "... cultural forms are of course not unrelated to the needs of capitalism ..." en daarom is dit noodsaaklik om 'n analise van kultuur te ontwerp waarin rekening gehou word met klasse en kapitalisme, met die verhouding van kultuur tot die komplekse sisteem van klasseverhoudings wat die fondament van kapitalisme uitmaak.<sup>29)</sup> Daarom word die bestaan van 'n pluraliteit van kulture ten sterkste ontken, maar word die enkele kultuur benader vanuit die perspektief dat dit onlosmaaklik verbonde is aan die konflik tussen klasse. Die "verskillende" kulture is altyd "... locked in constant conflict with each other, on the basis of the material conditions of their adherents, the class cleavages in society and the historical legacy which informs each conflict."<sup>30)</sup>

Ongeag die verskillende benaderings binne die neo-Marxistiese historiografie t.o.v. klassekonseptualiserings, is die fundamentele uitgangspunt steeds die Marxistiese materiële kriterium.

Die volgende beginsel in die radikale problematiek is die posisie van die staat in die kapitalistiese samelewing. Die Marxistiese uitgangspunt is dat die staat gewortel is in die materiële omstandighede van die mens se bestaan.<sup>31)</sup> Die staat moet ontleed word binne die kapitalistiese stelsel van surplusonttrekking en die wette van reproduksie van die hele sosiale formasie. Die staat bestaan dus binne bg. stelsel en word daardeur gevorm. Die staat is die manifestasie van die belange van die dominante klas (of klassefraksie; in Poulantziaanse terminologie), die draer of verdediger daarvan.<sup>32)</sup> Marx se standpunt is dat die staat in 'n kapitalistiese samelewing die magsbalans in die klassestryd tussen die kapitalistiese klas en die arbeidersklas weerspieël. Die staat beskik derhalwe oor die vermoë om surplusonttrekking deur die kapitalistiese klas te beheer.<sup>33)</sup> Die staat as instrument van klasseregering word deur die regerende klas of klassefraksies gebruik om die kapitalistiese stelsel te beskerm en te bestendig. Wolpe stel dit so: in die Suid-Afrikaanse omstandighede "... the State now not only appears as the means for the reproduction of segregation and racial discrimination, but ... as ... the means for the reproduction of a particular mode of production."<sup>34)</sup>

Legassick en Trapido verklaar ook dat "... the state, in one of its aspects, is a part of the economic system ..." <sup>35)</sup> Die staat moet dus in die politieke en ideologiese bobou uitdrukking gee aan die basis of ekonomiese struktuur. Politieke beleidsrigtings word beskou as die resultaat in die bobou van die wisselwerking tussen klasse in die produksiewyse, d.w.s. dis die resultaat van die aard van die ekonomiese basis.

Die Poulantzas-historici beskou die staat egter as die uitdrukking van die magsblok (power bloc) of die magsbalans tussen die verskillende fraksies van die kapitalistiese klas. Die staat se funksie in hierdie geval is om te verseker dat bg. magsbalans gehandhaaf word sodat dit nie miskien sou disintegreer met die noodwendige gevolg van die verlies aan beheer oor of onderdrukking van die werkersklas nie. Die staat organiseer dus slegs die samelewing op sodanige wyse dat kapitalistiese klasseoorheer-

29. B Bozzoli, *Town and Countryside*, pp. 17, 18, 8.

30. *Ibid.*, p. 22.

31. J J van Helten, *British Capital, the British State and Economic Investment in SA, 1886—1914* (ICS, CSP, Vol. 9, Nr. 24, Okt. 1977—Junie 1978), p. 1.

32. H Wolpe, *Capitalism and Cheap Labour-power in SA from Segregation to Apartheid* (*Economy and Society*, Vol. 1, Nr. 1, 1972), p. 429.

33. M Legassick, *South Africa: Capital Accumulation and Violence* (*Economy and Society*, Vol. 3, Nr. 3, 1974), p. 256.

34. H Wolpe, *Capitalism and Cheap Labour-power*, p. 429.

35. M Legassick en S Trapido, *Class Formation and Class Suppression*, p. iii.

sing d.m.v. die bestaande klassestruktuur gehandhaaf kan word.<sup>36)</sup>

Die laaste beginsel in die neo-Marxistiese historiografie is die rol van kapitalisme as 'n wêreldekonomiese sisteem. Hierdie beginsel sluit baie nou aan by dié historici se opvatting oor klasse en die klassestryd en die rol van die staat. Die radikale historici bestudeer Suid-Afrika binne die breë verband waarin Suid-Afrikaanse kapitalisme funksioneer, nl. wêreldkapitalisme. Kapitalisme as 'n wêreldekonomiese sisteem het 'n spesifieke karakter met bepaalde doelstellings en funksioneer volgens vasgestelde determinante. Die bestudering van Suid-Afrikaanse omstandighede word bepaal deur die aard en funksionering van kapitalisme op wêreldskaal. Legassick en Trapido verklaar: "Our analysis begins on the basis that the total system under examination is not that defined by the limits of the South African state, but the international system of production which arose uniquely out of Western Europe from the 15th to 18th centuries to encompass the majority of the world."<sup>37)</sup> Ook Johnstone verklaar dat elemente van die Suid-Afrikaanse gemeenskap nie losstaande verklaar kan word nie, maar dat 'n klasse-analise van rassediskriminasie beteken: "... a broad mode of production, which explores how and why things are linked to and derive from the mode or modes of production in a society and world system."<sup>38)</sup>

Met die wêreldekonomiese sisteem as vertrekpunt, word die vraag geopper na die aard van daardie sisteem ten einde die manifestasie daarvan in periferiegebiede (gebiede buite die kapitalistiese metropool/kern, soos kolonies) te verklaar. Kapitalisme word beskou as 'n dinamiese sisteem wat die hele wêreld omvorm ooreenkomstig sy eise. Die belangrikste eienskap van kapitalisme, volgens die Marxiste, is die skepping van klasse. Die bestudering van klasseverhoudings word dus gedetermineer deur die wêreldsisteem waarbinne dit funksioneer. Voorts word kapitalisme beskou as 'n produksiewyse waarin klasse mekaar uitbuit deur die akkumulاسie van wins/kapitaal in die vorm van surpluswaarde. Die voortdurende proses van kapitaalakkumulاسie het arbeid omskep in 'n kommoditeit waaruit wins gemaak word. Kapitalisme rekonstrueer dus altyd produksiekragte [forces of production = produksiemiddele, (werktoeie, masjinerie) en tegniese kennis of ondervinding om eg. te gebruik] ten einde steeds groter kapitaal te akkumuleer: "For Marx, the constant revolutionizing of the forces of production in the process of capital accumulation leads to the concentration of ownership of evermore 'dead labour' (instruments of production) in ever fewer hands, reproduction of ever greater inequalities of wealth and power." Kapitalisme het dus 'n teenstrydige aard: eensyds winsneming maar andersyds gelyktydige onderdrukking en uitbreiding.<sup>39)</sup>

'n Verdere belangrike eienskap van die kapitalisme, volgens die neo-Marxistiese historici, is die beginsel van gelyktydige gedeeltelike ontbinding en instandhouding van pre-kapitalistiese gemeenskappe waarmee dit in aanraking kom.<sup>40)</sup> Lg. gemeenskappe word gedeeltelik ontbind deurdat die normale sosiale struktuur versteur word deur die

36. S Clarke, *Marxism, Sociology and Poulantzas' Theory*, p. 12; R Davies, *Capital, State and White Labour*, pp. 26–27.

37. M Legassick en S Trapido, *Class Formation and Class Suppression*, p. ii.

38. F A Johnstone, *Most Painful to our Hearts*, p. 21.

39. M Legassick, *Perspectives on African Underdevelopment* (*JAH*, Vol. 17, Nr. 3, 1976), p. 437; M Legassick en D Innes, *Capital Restructuring and Apartheid* (*African Affairs*, Vol. 76, Nr. 306, Okt. 1977), p. 456.

40. H Wolpe, *The Theory of Internal Colonization* (I. Oxaal, I. Barnett en D Booth, *Beyond the Sociology of Development*, Londen, 1975), pp. 242–248; C Bundy, *The Rise and Fall of the South African Peasantry*, p. 243.



onttrekking van arbeid vir doeleindes van kapitalistiese ondernemings. Terselfdertyd word die pre-kapitalistiese gemeenskappe nie totaal ontbind (of geproletariseer) nie, sodat dit nog grootliks selfonderhoudend kan wees om die arbeid wat daaraan onttrek is, te onderhou, d.w.s. steeds sosiale sekuriteit daaraan te verskaf, asook vir die agtergeblewenes te sorg. Daardeur word die onderhoudsfas van die kapitalistiese klas afgehou en kan arbeiders slegs beloon word vir die arbeid in die kapitalistiese bedryf vermag. Die funksionering van kapitalisme onder die eise van die metropool beteken dat kapitalisme in gebiede ver daarvandaan dieselfde funksioneer om te beantwoord aan die allesoorheersende eis van die metropool, nl. kapitaalakkumulering.

### Metode en terrein van die neo-Marxistiese historiografie

Die radikale historici se oogmerk, nl. om by die liberale problematiek verby te beweeg, beteken dat 'n alternatiewe problematiek gestel moes word. Alhoewel geensins aangevoer kan word dat die neo-Marxistiese problematiek voltooid is of dat daar selfs net een bestaan nie, kan met redelike sekerheid tog 'n problematiek gerekonstrueer word uit die publikasies tot op hede bekend. Hierdie problematiek funksioneer, soos wat Althusser dit uiteengesit het, as 'n teoretiese struktuur of konseptuele raamwerk wat vroeë m.b.t. navorsing konstrueer, wat sekere teorieë, metodes en konsepte insluit waardeur die objek van studie beperk en alles buite daardie raamwerk ongeldig gemaak word.<sup>41)</sup> Die formulering van probleme of vrae en die oplossing daarvan, geskied binne die raamwerk van hierdie problematiek. Althusser staan baie sterk daarop dat die problematiek onafhanklik is van empiriese data (en daarin is hy nagevolg deur veral Poulantzas-historici, nl. Davies, Kaplan, Morris, O'Meara). Alhoewel daar skynbaar 'n tendens onder sommige neo-Marxistiese historici is om groter elastisiteit aan 'n problematiek te verleen deur groter inagneming van empiriese data (nie prioriteit nie), bly die uiteindelijke konseptuele raamwerk waarbinne elke neo-Marxistiese historikus werk, deterministies t.o.v. navorsingsmetode en -resultate.

Die problematiek van die neo-Marxistiese historiografie oor Suid-Afrika bestaan hoofsaaklik uit die konsepte waarom die beginsels van hul historiografie, soos hierbo uiteengesit, geformuleer is. Ongeag die nuanseverskille t.o.v. konseptualiserings, handhaaf al die neo-marxistiese historici die beginsel van historiese materialisme as determinant van die verloop van die geskiedenis. Hierdie metodologie onderskei die neo-Marxistiese historiografie baie duidelik van die tradisionele en liberale historiografie, aangesien lg. se metodologie oor geen sodanige deterministiese problematiek beskik ingevolge waarvan empiriese data geïnterpreteer word nie. Alhoewel lg. skole nie sonder verklaringsteorieë navors nie, vorm daardie teorieë nie onlosmaaklik deel van 'n streng deterministiese ideologie waarbuite geen geldige verklarings geag word te bestaan nie.

Die terrein van die neo-Marxistiese herinterpretasie weerspieël eweneens die voorskriftelike aard van die Marxistiese problematiek. Die geskiedenis word herskryf as die geskiedenis van die koms van kapitalisme, die vestiging en uitbreiding daarvan en in daardie proses, die uitbuiting en totale sosio-ekonomiese rekonstruksie van tradisionele gemeenskappe. Die eerste breë tema is dan die kontak tussen Blank en Nie-Blank in die grenssituasie, wat deur hierdie historici geïnterpreteer word as klasse-

41 Lees veral L. Althusser, *For Marx*, pp. 45–46, 67–71; N. Geras, *Althusser's Marxism*, pp. 66–69; J. Delpechin, *Towards a Problematic History of Africa (Journal of Southern African Affairs, Vol. 2, Nr. 1, Jan. 1977)*; M. Glucksmann, *Structuralist Analysis*, pp. 114, 117, 127–128.

kontak. Die grensomstandighede het dus geen rassevooroordeel geskep nie, maar 'n klasseverdeling tussen kapitaliste en nie-kapitaliste in tradisionele gemeenskappe. In hierdie verhouding is die kapitaliste (Blanke handelaars, grondbesitters en amptenare) se posisie van gelykheid teenoor Swartes verander in een van oorheersing en onderdrukking — aanvanklik op die Kaapse noord- en oosgrens.<sup>42)</sup> Die magsbalans het egter nie altyd ewe effektief in Blanke guns geswaai nie, soos wat Wagner t.o.v. die verhouding tussen die Voortrekkers en Sekoekoenie in die Zoutpansbergomgewing probeer aantoon het.<sup>43)</sup> Die radikale historici beskou die verhouding tussen Blanke pioniers en Swartes in die aanvanklike kontaksituasie as een van 'n magsewewig en die mislukking om daardie balans in die guns van die Blanke pioniers te laat swaai, as slegs 'n gebrek aan hulp deur eksterne kapitalistiese magte, nl. Britse kapitalisme. In die proses van verowering van Suid-Afrika vir kapitalisme was Britse imperiale optrede verantwoordelik vir die onderwerping van tradisionele gemeenskappe.<sup>44)</sup> Die beëindiging van tradisionele politieke outonomie het beteken dat daardie nie-kapitalistiese gemeenskappe by die wêreld-kapitalistiese mark ekonomie betrek is. Die radikale historici skryf dan ook baie oor die wyse van imperialistiese betrokkenheid in daardie gemeenskappe en oor die proses waarvolgens kapitalisme dit geleidelik gedeeltelik ontbind en gedeeltelik geherstruktureer het om dit diensbaar te maak aan die behoeftes van kapitalistiese winsakkumulasie.<sup>45)</sup> Die uiteinde van bg. proses was in alle gevalle volgens die radikales, die lewering van goedkoop Swart arbeid aan die ontwikkelende kapitalistiese ekonomie, hetsy agraries of industrieel.

Die neo-Marxistiese historici skryf dan uitvoerig oor die gebeure wat die oorwinning van kapitalisme oor tradisionele ekonomiese stelsels verseker het, nl. die ontdekking van minerale en die gepaardgaande nuwe behoeftes van industriële kapitalisme. Die vernaamste eis van die nuwe ekonomiese omstandighede was arbeid. Arbeid en die arbeidersklas se ervaringe vorm die wentelpunt in die neo-marxistiese navorsing. Die sg. onvermoë van die Boererepublieke om hul state sodanig te regeer dat die kapitaliste hul ondernemings met staatsondersteuning winsgewend kan bestuur, het aanleiding gegee tot die Eerste Vryheidsoorlog, die Jameson-inval en die Tweede Vryheidsoorlog. Die neo-Marxiste skryf uitvoerig oor die kapitalistiese determinante in bg. Britse imperiale optrede<sup>46)</sup> en bestempel die rekonstruksieperiode onder Milner in Transvaal tussen 1902 en 1906 as die oorsprong van rassediskriminasie in Suid-Afrika.

---

42. M Legassick, *The Griqua, the Sotho-Tswana and the Missionaries*; M Legassick, *The Frontier Tradition* (S Marks en A Atmore: *Economy and Society*).  
 R Wagner, *Zoutpansberg, the Dynamics of a hunting frontier, 1848—1867* (Marks en Atmore, *Economy and Society*).  
 A Atmore en S Marks, *The Imperial Factor in South Africa in the Nineteenth Century: Towards a Reassessment* (*Journal of Imperial and Commonwealth Studies*, Vol. 3, Okt. 1974); S Marks, *Scrambling for South Africa* (*JAH*, Vol. 23, Nr. 1, 1982).  
 In hierdie verband vgl. o.a. C Bundy, *The Rise and Fall of the South African Peasantry*, oor dié proses onder die Xhosas; W Beinart, *The Political Economy of Pondoland, 1860—1930*, Ravan Press, Johannesburg, 1982, oor die proses onder die Mpondo; P Delius, *The Land Belongs to Us*, Ravan, Johannesburg, 1983, oor die proses onder die Pedi; J Guy, *The Destruction of the Zulu Kingdom*, Longmans, Londen, 1979, oor die ontbindingsproses onder die Zoeloes.  
 Lees in hierdie verband Atmore en Marks se evaluering van Britse imperialisme (voetnoot 44); S Marks en S Trapido, Lord Milner and the South African State (*History Workshop*, Nr. 8, 1979); R Mendelsohn, Blainey and the Jameson Raid (*ICS, CSP*, Vol. 8, Nr. 22, Okt. 1976 — Junie 1977); D Denoon, "Capitalist" Influence in the Transvaal Government during the Crown Colony Period, 1900—1906 (*The Historical Journal*, Vol. 11, Nr. 2, 1968); F A Johnstone, *Class, Race and Gold*; R Davies, *Capital, State and White Workers*.

Lg. word geïnterpreteer as imperatief tot voortgesette groei in die nuwe nywerheidskapitalistiese ekonomie, aangesien die staat d.m.v. rassemaatreëls goedkoop bestendige arbeidsvoorsiening moes verseker.<sup>47)</sup> Die prosesse van arbeidsvoorsiening, -werwing, -beheer en -besoldiging word indringend deur dié historici in terme van die beginsels van die klassestryd en die aard van kapitalisme ondersoek. Geen erkenning word in daardie soeke verleen aan verklarings van nasionalisme of geloof, ens., vir die toenemende Blank-Swart sosiale stratifikasie na 1880 nie. Rassedifferensiasie word eenvoudig beskou as 'n klassewerking van die dominante kapitalistiese klas om arbeid te verseker. Johnstone en Davies wys in gemelde publikasies op al die wetgewing i.s. loon- en werksomstandighede op die myne as beheermeganismes waardeur Swart arbeiders geskei moes word van Blanke arbeiders sodat lg. met hul toegang tot die politieke proses nie die hele arbeidsmag, waarop winsneming in die mynbedryf geskoei sou wees, rewolusionêr sou maak en dus die bedryf destabilliseer nie. Armblankes is ook as arbeiders uitgebuit, maar nooit in dieselfde mate as Swart arbeiders nie, aangesien eg. die kapitaliste d.m.v. die regering moes rugsteun teen Swart opstand, wat in elk geval ook Blanke werksekuriteit sou bedreig. Die skepping van Blanke en Swart werkersklasse d.m.v. rassedifferensiasie in die arbeidsproses word beskou as funksioneel tot kapitalisme en noodwendig en *nie* kontra die rasonale liberale kapitalisme nie.<sup>48)</sup>

Imperiale kapitaal het dan, volgens die neo-Marxiste, toegesien dat in Transvaal 'n kapitalistiesgesinde regering bewind voer sodat van owerheidsweë toegesien kon word dat Swartes toenemend oteien en tot loonarbeid gedwing word. In hierdie proses het die staat Blanke landbou op 'n kapitalistiese grondslag geplaas (toenemende Swart landboumededinging sou té veel Blankes proletariseer) sodat daar 'n gesonde vennootskapsoreenkoms tussen "goud en mielies" ontstaan het. Ook in die Oranje-Vrystaat is Blanke landbou d.m.v. staatsubsidiëring (o.a. die 1913 Naturelle Gronden Trustwet) ten koste van Swart landbou bevorder.<sup>49)</sup> Volgens die neo-Marxiste was die staat voor en na uniewording die bestendiger van kapitalistiese ekonomiese groei deur die beskerming van die bevoorregte politieke posisie van die minderheid Blankes. Die staat as werktuig van kapitalistiese belange voor en tot uniewording, deur die Paktregering tot en na die oornam van die Nasionale Party in 1948, is intensief bestuurde. Legassick het ook probeer aantoon dat die rassebeleidsrigtings van die regerings

47. M Legassick, *The Making of South African 'Native Policy', 1903 – 1923: The Origins of Segregation (ICS, Postgraduate Seminar, Univ. of London, 15/2/72)*; M Legassick, *British hegemony and Origins of Segregation in SA, 1901 – 1914 (ICS, Postgraduate Seminar; Colonial Rule and Local Response in the Nineteenth and Twentieth Centuries, 28/2/74)*.

48. H Wolpe, *Capitalism and Cheap Labour-power*; H Wolpe, *The "White Working Class"*; M Legassick, *South Africa: Capital Accumulation and Violence*; M Lacey, *Working for Boroko*, Ravan, Johannesburg, 1981; B Bozzoli, *Political Nature of a Ruling Class*; D du Toit, *Capital and Labour in South Africa, Class Struggle in the 1970's*, Kegan Paul Int., London, 1981.

49. S Trapido, *South Africa in a Comparative Study of Industrialization (Journal of Development Studies, Vol. 6, Nr. 3, April 1971)*; M Morris, *The Development of Capitalism in SA Agriculture: Class Struggle and the Countryside (Economy and Society, Vol. 5, Nr. 3, Aug. 1976)*; T Keegan, *The Restructuring of Agrarian Class Relations in a Colonial Economy: The Orange River Colony, 1902 – 1910 (JSAS, Vol. 5, Nr. 2, April 1979)*; T Keegan, *The Share cropping economy, African class formation and the Natives Land Act of 1913 in the Highveld Maize Belt (Marks en Rathbone: Industrialization and Social Change)*; M Legassick, *Gold, Agriculture and Secondary Industry in South Africa, 1885 – 1970: From Periphery to Sub-metropole as a Forced Labour System (Palmer en Parsons: The Roots of Rural Poverty)*; S Trapido, *Landlord and Tennant in a Colonial Economy: The Transvaal, 1880 – 1910 (JSAS, Vol. 5, Nr. 1, Okt. 1979)*.

voor en na 1948 fundamenteel dieselfde was en dat ook na 1948 die regering die verpersoonliking was van kapitalistiese behoeftes aan arbeid.<sup>50)</sup> Die staat het groten-deels verseker dat industrialisasie plaasvind. Dis egter nie die staat as sodanig nie, maar die staat as onvermydelike uitvloeisel van kapitalisme. Kapitalisme en nie noodwendig die staat nie, is verantwoordelik vir die verarmde onderdrukte posisie waarin Swartes sg. in Suid-Afrika verkeer, aangesien kapitalisme noodwendig toenemend klasse-onderskeid intensiveer en ongelykheid vergroot.

Die radikales het dan ook ooreenkomstig lg. opvatting begin om uitvoerig navorsing te doen oor die ervaring van "gewone" mense in die proses van kapitalistiese ontwikkeling, of, na die sosiale en materiële effek van kapitalisme op onderdrukte. Van Onselen het spesifiek na die Witwatersrandse omstandighede ondersoek ingestel en gewys op die wyse waarop kapitaliste die samelewing sou manipuleer tot hul voordeel, bv. d.m.v. die drankbedryf, prostitusie, Blanke vroue uit Europa vir huishou-doeleindes en die oorname van o.a. die vervoerstelsel.<sup>51)</sup> Die ervaring en reaksie van die onderdrukte (hoofsaaklik Swartes) in die diamant- en goudmyne en in die landbou word ondersoek ten einde die groeiende klassebewussyn as arbeiders en die geleidelike groei van Swart reaksie d.m.v. vakbonde, stakings, politieke organisasies, literatuur en sosiale strukture bloot te lê.<sup>52)</sup> Hierdeur word, volgens dié historici, die eintlike geskiedenis van die mense van SA geskryf en geïllustreer hoe hul outonomie en selfonderhoudendheid deur kapitalisme vernietig is.

Die terrein wat deur die radikales betree word in hul herinterpretasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is in meeste opsigte geforseerd ekonomies/materialisties gedetermineerd en neem geen oorwegings soos nasionalisme, ideologie (etno-kulturele nasionalistiese ideologieë), godsdiens, etnisiteit, volkskultuur of taal as fundamentele en reële konsepte in eie reg in ag nie. Daarom word die program van Christelik-nasionale onderwys, vakbonde vir Afrikaner-werkersbelange (bv. Spoorbond) en voor-malige kultuurorganisasies soos die Ossewa-Brandwag, Reddingsdaadbond, Afrikaner Broederbond e.a. beskou as middele funksioneel aangewend deur Afrikaanssprekende leiers om Afrikaanse kapitaal te monster, d.w.s. dit word beskou as werktuie in 'n volkskapitalisme. "... Afrikaner nationalism ... was fundamentally shaped by the imperatives and contradictions of, and struggles around, the accumulation of capital. The policies developed and pursued by the nationalist movement can only be ex-

---

M Legassick, Legislation, Ideology and Economy in Post 1948 SA (*JSAS*, Vol. 1, Nr. 1, Okt. 1974); B Bozzoli, *Political Nature of a Ruling Class*, hfs. 5 en 6; R Davies, *Capital, State and White Labour*; D Kaplan, *Capitalist Development in SA* (T Adler (red.), *Perspectives on South Africa*, Instituut vir Afrika-Studies, Univ. van Witwatersrand, Johannesburg, 1977); D Innes, *The Mining Industry in the Context of SA Economic Development, 1910—1940* (*JCS, CSP*, Vol. 7, Nr. 21, Okt. 1975 — Junie 1976); D Innes en M Plaut, *Class Struggle and Economic Development in SA: The Inter-war Years* (*JCS, CSP*, Vol. 9, Nr. 24, Okt. 1977 — Junie 1978); D E Kaplan, *An Analysis of the South African State in the 'Fusion' Period, 1932—1939* (*JCS, CSP*, Vol. 7, Nr. 21, Okt. 1975 — Junie 1976).

51. C van Onselen, *Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand, 1886—1914. I New Babylon, II New Nineveh*, Ravan, Johannesburg, 1982. Marks en Rathbone, *Industrialization and Social Change*; B Bozzoli (red), *Labour Townships and Protest*. Ravan, Johannesburg, 1979; B Bozzoli (red), *Town and Countryside in the Transvaal. Capitalist Penetration and Popular Response*; E Webster (red.), *Essays in Southern African Labour History*, Ravan Labour Studies, I, Ravan, Johannesburg, 1978.

plained through an understanding of these imperatives, contradictions and class struggles."<sup>53)</sup>

Die Marxistiese problematiek determineer sodanige verskynsels ooreenkomstig die problematiek-geforseerde interpretasies en plaas daarmee 'n onvermydelike beperking op die wetenskaplike geloofwaardigheid daarvan.

---

D O'Meara, *Volkskapitalisme. Class, Capital and Ideology in the Development of Afrikaner Nationalism, 1934–1948*, (Ravan, Johannesburg, 1983), p. 248.